Uit die pen van die Visekanselier en Rektor

Central University of Technology, Free State

## COMMUNIQUÉ AAN DIE SUT GEMEENSKAP

# MENSEREGTEDAG

**21 Maart 2021**

**2021 #4**

**Liewe SUT Gemeenskap**

As die afgelope jaar ons enige iets geleer het, is dit die waarde van menslikheid teenoor ons medemens. Die enigste manier hoe ons so ver kon kom te midde van die Covid-19 pandemie, was deur ons pogings te verenig. Dit het ons gedwing om party moeilike vrae te vra; die uitdagings van die 21ste eeu wat die hoëronderwyssektor in die gesig staar, te verstaan; en met inklusiewe oplossings wat almal baat, vorendag te kom. Die meeste van ons besef die waarde van vryheid, aangesien dit tydelik van ons ontneem is – alhoewel dit vir ons eie gesondheid en veiligheid was. Terwyl ons met die pandemie se effek op huishoudings, gemeenskappe en die sektor worstel, verhaas ons onsself om aan te sluit by die regering se beroep om sosiale kohesie en nasiebou te kweek.

Hierdie jaar word Menseregtedag onder die tema “Die Jaar van Charlotte Maxeke: Die Bevordering van Menseregte in die Era van Covid-19” gevier. Ons vereer haar as ’n godsdienstige leier, aktivis en gemeenskapsleier wat met waagmoed die sosiale beperkinge wat in daardie tyd vir vroue ingestel is, uitgedaag het, en die eerste vrou van Afrika-herkoms geword het om ’n Baccalaureus Scientia graad in Amerika te verwerf, meer as 100 jaar gelede.

Ten spyte van haar sosiale status destyds, was sy steeds geaard tussen die gemarginaliseerde gemeenskappe, en het getrou gebly aan haar oortuigings deur ’n voorstander vir hul bevordering te wees. Aangesien hierdie ook die 150ste gedenkjaar van hierdie vryheidstryd-ikoon is, is dit net gepas om haar nalatenskap, wat die weg gebaan het vir vandag se vroue om ongeregtigheid en geslagsgeweld te bestry, te herdenk. Die universiteit erken haar as ’n uitstaande skolier en noemenswaardige leier, deurdat sy haarself in haar generasie onderskei het deur die norme uit te daag. Sy het die ware simbool van sosiale geregtigheid, gelykheid en menseregte vir mense wêreldwyd vervolmaak, en bly ’n inspirasie vir die SUT gemeenskap vanweë haar kritiese rol in die opheffing van vroue, ongeag van hul ras, oortuigings en agtergrond.

Die 61ste herdenking van die historiese optog van duisende Sharpeville inwoners na die plaaslike polisiestasie vind ook in Menseregtemaand plaas. Die inwoners het betoog teen die onregverdige paswette wat mense van Afrika-herkoms verplig het om ’n dokument te dra wat hulle toegelaat het om areas wat onder die Apartheidsisteem vir Blanke mense gereserveer is, binne te gaan. Verder val die Menseregtemaand-vieringe saam met die 25ste herdenking van die goedkeuring van ons Grondwet, wat as een van die mees innoverende en progressiewes in die wêreld erken word.

Namens Bestuur moedig ek ons studente en personeel aan om aan die herdenkingsaktiwiteite deel te neem, en die vordering in die bevordering en beskerming van menseregte te waardeer. Kom ons gebruik hierdie maand en dag om na te dink oor die betekenis van menseregte, en om diegene wat vir sosiale geregtigheid, demokrasie, waardigheid en vryheid geveg het, te vier. En terwyl ons dit doen, kom ons erken die kritiese rol wat ook ons in ons gemeenskappe kan speel deur hierdie waardes, wat die kenmerk van ’n vry nasie is, te omarm.

Vir die eerste keer, en as gevolg van die pandemie, kan ons generasie ander se regte aktief bevorder deur die risiko vir hul gesondheid te beperk. In die woorde van Charlotte Maxeke: “Hierdie werk is nie vir julself nie – maak daai gees van ‘self’ dood, en moenie bo jul mense leef nie, maar leef saam met hulle”.

Vriendelike groete / Kind regards / Ditumediso tse mofuthu

**Prof. Henk de Jager**
Visekanselier en Rektor